NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Oktober 2006 October 2006

Redaksioneel

Ons het nou omtrent al die hoogtepunte van die vereniging vir hierdie jaar agter die rug. Eintlik is dit nog net die uitstalling , wat **die** hoogtepunt van die jaar is, wat oorbly. Dit is regtig skokkend om te dink dat soveel van die jaar reeds agter die rug is. Ek glo nie 'n mens het nog tyd oor om jou nuwejaarsvoornemens na te kom nie- indien jy wel nog tyd het, het jy darem snaakse voornemens vir jouself gestel. Hoe dit ook al sy, ek vertrou dat jy dit gemaak het wat jy by die uitstalling gaan aanbied, indien nie het jy darem nog so 'n week of wat oor voor die 20 ste Oktober- dit is wanneer die stukke vir uitstal ingedien moet word.

Just as a reminder:

Woodwork Exhibition

21 October 2006

08h00- 16h00

Lions Club

Umgazi road, Ashley Gardens

I do hope that this will serve as an ample reminder for all our members to; firstly, bring pieces for exhibition and secondly, to attend the exhibition itself on the day. Should you have any queries concerning anything about the exhibition, phone anyone of the committee members, or myself. We really hope to see most of you and believe that you will contribute some of your masterpieces so that we may have a grand show.

Deur aan die uitstalling deel te neem, op welke wyse ook al, kan ons verseker dat ons die jaar op 'n mooi hoogtepunt sal kan afsluit.

Events for October

- No meeting for the cabinetmakers will be held this month, due to the exhibition on the 21 st.
- Wednesday, 18 October, 18h00: Turners' meeting at Willie de Wet's workshop
- Saturday, 21 October, 08h00 -16h00: Exhibition at the Lions Club, Ashley Gardens.
- Wednesday 25 October, 18h00: Monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria.
- Wednesday 15 November, 08h15: Visit to Nissan Factory. Start at the Bill Wilson building in Rosslyn.(See map and particulars further on.)

Vorige maandvergadering

Tydens die laaste maandvergadering het ons weer eens gekyk na al die verskillende hulpmiddels (Aids & Gadgets) wat deur ons lede gebruik word wanneer hulle houtwerk doen. Dit was weer eens opvallend dat daar 'n klomp "performers " in die vereniging is wat telkens maar die verantwoordelikheid op hulself neem om die res van ons te vermaak met dit wat hulle doen!

Not withstanding the fact that only a small group presented their tricks, it seemed as if everybody had a good time.

What once again impressed me was the variety in what is being used as far as aids and gadgets is concerned. This variety does not stop at the different gadgets in itself but in the amount of effort that was clearly put into manufacturing or procurement of such gadgets. To illustrate what I mean I whish to compare the mitre cutter that Willie Marneweck shipped from England as part of his hand luggage compared to the tin stand of At Smit once again compared to the clamping stand, made by Gerrard du Randt. These varied from expensive and elaborate, to dirt cheap and very simple. The self made ones were in the categories from hastily contrived, to made with a great deal of consideration to detail and craftsmanship. However, every piece exhibited proved

to be something that can be used to do whatever it is intended for better and /or faster, thus making the task easier, repeatable or more accurate.

In the light of the foregoing it is therefore a pleasure to congratulate the three winners of the evening;

- Willie Marneweck, who was 3 rd with his jigs for fitting handles flawlessly as well as a means to ensure that a carcase will be square
- Carl van Rensburg, with his second prize for his clever wooden clamping device.
- Willie de Wet, who came first with his excellently constructed jigs to use routers in specialised turning.

The Chairman handing Willie de Wet his well deserved first prize at this year's Aids and Gadgets meeting.

Next monthly meeting

Our next meeting will once again be held at the Botany Department, University of Pretoria.

At this meeting we will have discussions and demonstrations on finishing. According to what is planned for the evening, this will not entail a talk by people selling finishing materials, but it will be a genuine finishing meet. People in the know will be telling us how to achieve really great finishing by means of proper techniques and methods. This promises to be one of those not to miss affairs. (**This may help those of us who stop before we are really finished with an item we made with great care!!**)

Die Voorsitter se deel

Dit is met leedwese dat ek in die afgelope maand afskeid geneem het van 'n stigterslid van ons houtwerkvereniging, naamlik oom Louis van der Merwe. Oom Louis was 'n ware heer met 'n groot kennis van hout en houtwerk wat graag sy kennis met sy mede houtwerkers gedeel het. Die Houtwerkvereniging van Pretoria betuig sy innige simpatie met sy vrou Mary en sy gesin. (Meer elders in die nuusbrief).

Soos reeds belowe deel ek graag met julle sommige alternatiewe gebruike van hout. Eerstens as 'n OPVOEDINGSHULPMIDDEL.

Ek kom onlangs tot die besef dat my liefde, sowel as voorkeure en afkeure, van sekere hout reeds in my vormingsjare op buitegewone maniere opgedoen is nl. deur my sitvlak. Ek praat nie hier van eikehout skoolbanke of Burmese kiaat koshuis eetkamerstoele nie, maar van 'n besonderse kennismaking met van ons uitheemse houtsoorte. Ek moet die storie 'n bietjie ver gaan haal.

Ek het die voorreg gehad om my laerskooljare deur te bring op 'n skoolplaas van ± 1000 morge in die Marico Bosveld, maw. die plaas waarop die skool en koshuise geleë was, was die eiendom van die destydse Transvaalse Onderwys Departement.(T.O.D.) Op hierdie skoolplaas was daar baie soorte inheemse bome soos kameeldoring, sekelbos, sandgeelhout, maroela, lekkerbreek, rosyntjiebessie, botterklapper ens, ens. Die oorgrote meerderheid van die skoolkinders was koshuisgangers en nie almal het elke naweek huistoe gegaan nie. Naweke by die koshuis was wonderlik met baie vryetyd om onsself te vermaak met speletjies en rondloop in die bosse. Ons het ons eie spin-tolle met knipmesse gemaak van lekkerbreek hout wat baie beter was as die gekoopte tolle. Afhangende van die seisoen het die skoolplaas ook baie soorte wildevrugte soos maroelas, suurpruime wildegranate, stamvrugte, botterklappers, mispels ens. opgelewer. Ons het uit ondervinding geleer watter hout maak die beste kleilatte of kennetjiestokke.

Skole en koshuise het vele reëls gehad wat streng toegepas was deur die onderwysers van weleer, en kinders het destyds nie menseregte gehad of geken nie, Lyfstraf was die erkende manier om die reëls af te dwing en om die opvoedingsproses te help bevorder.

Op hierdie skoolplaas was daar ook baie wilderosyntjiebosse (Brandybush) botaniese naam: 'Grewia flava'.

Uit eie ondervinding kan ek bykans 'n hele artikel skryf oor al die wonderlike gebruike en eienskappe van hierdie plant bo en behalwe dit wat alreeds in boeke geskryf is. Ek sal egter volstaan by die een belangrike eienskap soos uitgevind en terdeë beproef deur die onderwysers van my laerskool. Die jong lote van die wilde rosyntjiebos maak 'n uitstekende lat vir 'n stout seun se gat – laat dit so opgeteken word! 'n Rosyntjie

lat is soepel, met lang sterk vesels wat nie breek nie, ongeag of dit groen of droog is. (Boesmans het dit gebruik om boë van te maak).

Indien ’n seun uitgevang was van een of ander oortreding wat tugtiging regverdig het, het dit sommige onderwysers behaag om die oortreder die kans te gun om self sy instrument van pyniging te gaan uitsoek. en te pluk vir die voltrekking van die vonnis. Is dit dalk die oorsprong van die gesegde ‘Om ’n lat vir jou eie gat te pluk ?’

Die keuse van die lengte en dikte van die lat was oorgelaat aan die oortreder. Dit was soos ’n dubbele straf vir een oortreding. Kan jy jou voorstel dat ’n terdoodveroordeelde aangesê word om self sy galgtou te vleg. Maak jy hom te dik kan hy nie per ongeluk breek nie en maak jy hom te dun sny hy dalk in jou vleis voordat hy breek! of hy veroorsaak dalk brandwonde in die proses.

Ek kan eerstehands getuig dat wilderosyntjie-latte ’n besondere doeltreffende opvoedingshulpmiddel is en hierdie kennis van die soort hout is so doeltreffend toegedien dat ek dit nooit sal vergeet nie.

Ek wonder soms waarom ons so hunker na die ‘goeie ou dae’ toe ons tog so swaar gekry het.

Ek doen vir oulaas ’n beroep op al ons lede om tog asb. die uitstalling op 21 Oktober te ondersteun deur items te bring vir uitstalling en om self by te woon. Bring ook familie en vriende saam of vertel hulle daarvan sodat ons ’n sukses van die dag kan maak.

For the last time I’m making an appeal to our members to support our annual exhibition on 21 October. Please bring items for exhibition, bring yourself and your family, tell everybody about it and help to make this event a huge success.

Thank you
At Smit.

Meubelmakers

Ek maak verskoning vir die glips wat ingesluip en veroorsaak het dat die meubelmakers se bydrae nie in die September uitgawe van Tambotie geplaas was nie. Ter selfdertyd wil ek vir Brian en Louw bedank vir hul inset oor die meubelmakers in Tambotie wat op die spreekwoordelike nommer 99 gedoen is. In hierdie uitgawe word verslag gedoen oor twee maande se aktiwiteite van die meubelmakers.

’n Groot opkoms is beleef tydens Augustusmaand se byeenkoms by Brian Addis waar die maak van swaelstervoeë gedemonstreer is. Verskeie metodes vir verskillende tipes swaelstertvoeë met behulp van verskeie hulpmidelle is gedemonstreer en bespreek. Beide demonstrasies, besprekinge en insette van diegene teenwoordig het ’n suksesvolle byeenkoms verseker.

Steyn Grové het afgeskop en gedemonstreer hoe om ’n gly swaelstert met behulp van die G-Wald te sny en getoon hoe maklik dit is om massaproduksie van die voeg te doen wanneer die masjien behoorlik ingestel is.

Daarna het Danie Venter gedemonstreer hoe om die butterfly voeg met behulp van die router te maak en ook hoe om versteekte swaelsterte met handgereedskap te maak. Hierna was die manne dors en honger en het ons die program onderbreek vir tee, koffie en lekker snuisterye wat deur Brian voorsien is.

Foto 1 Steyn demonstreer die maak van ’n gly swaelstert m.b.v die G-Wald

Na die onderbreking het Frans Gericke getoon hoe om swaelsterte te sny met behulp van ’n router en ’n intreegids. En baie duidelik uitgewys waarvoor ’n mens moet oppas wanneer die tipes gidse gebruik word asook die vaardigheid wat vereis word.

Brian het daarna gedemonstreer en verduidelik hoe om swaelsterte met behulp van ’n router en die Woodrat te maak. Met die Woodrat is dit moontlik om swaelsterte te maak wat lyk asof dit met die hand gemaak is. Die wydte en diepte van die swaelsterte kan gevarieer word na gelang van die meubelmaker se behoefte en smaak.

Foto 2: Frans demonstreer ’n intree gids

Dit is opgevolg deur ’n kort bespreking van die Leigh Dovetail Jig wat gebruik word vir die massavervaardiging van swaelsterte. Die byeenkoms is afgesluit deur Danie wat verduidelik het hoe om swaelsterte met behulp van die tafelsaag en bandsaag te sny. So het ’n baie geslaagde byeenkoms tot ’n einde gekom.

Foto 3: Brian verduidelik die werking van die Woodrat

Septembermaand se byeenkoms was by Danie Venter waar die bandsaag bespreek en gedemonstreer is. Die Onderwerp het gesorg vir ’n goeie opkoms en die verrigtinge is afgeskop met ’n bespreking oor die bandsaag se anatomie en watter eienskappe by ’n goeie bandsaag aanwesig is. Hierdie is opgevolg met Brian wat getoon het aan watter spanninge ’n bandsaaglem onderwerp word. Die gevolgtrekking is om die bandsaag met die grootste wiele te koop wat bekostig kan word. Hierna is die basiese saagtegnieke getoon. Daarna het Brian getoon hoe kurwes en ingewikkelde rondings met behulp van die bandsaag gesny kan word. Danie het die verrigtinge afgesluit met ’n demonstrasie van die sny van tappe, wat ’n paar wenkbroue laat lig het. Die manne was so lus vir praat dat daar nie tyd was om foto’s te neem nie. Na die byeenkoms is daar spontaan oorgegaan tot ’n tweede informele byeenkoms deur sommige lede waar masjiene bespreek. is.

Let asseblief daarop dat die meubelmakers nie in Oktober bymekaar gaan kom nie en wel om die volgende redes:

- Die beplande onderwerp vir Oktober is afwerking en beskerming wat tydens die maandvergadering behandel gaan word en dus kan lei tot duplisering.
- Die uitstalling vind plaas in Oktober en daar is lede wat ’n ekstra naweek nodig het vir die laaste voorbereidings.

Die meubelmakers se laaste byeenkoms vir hierdie jaar is Saterdag 11 November 2006 waar die Woodrat gedemonstreer gaan word. Die plek en tyd van die byeenkoms sal later bekend gemaak word.

Vir kennisname

- **Maartin Wenhold,** wat voortaan in ‘n aftree oord sal bly moet nou van sy gereedskap ontslae raak. Hy beskik oor ‘n **Record-draaibank en ‘n 10” Rockwell Rolsaag / 6” vlakskaaf** wat te koop is. Belangstellendes kan hom skakel **by 012 662 2073.**

- ‘n **Mev Loretta Engelbrecht, Tel 012-991-1142, het 'n eetkamertafel van Tambotie-hout, 'n erfstuk, wat gerestoureer moet word.** Enige lid wat sou belangstel moet haar asb self skakel en reëlings tref.

Turners' corner

At the last turners meeting we had discussions ranging from the tasking of members for duties to be executed at the exhibition to the homework for the next meeting. As is usual for this group, a good amount of high quality turned pieces were on display. We have a few photos just to prove to the rest of the association that we still mean business.

A shallow bowl by At Smit

An overview of this last month's hard work

Vir die komende maand is die taking as volg:

Beginner	Intermediate	Advanced
Lace bobbin	Cup and saucer – one piece	Cup and saucer – one piece
Bottle	Lace bobbin	Draaistuk met 'n tema
Draaistuk met 'n tema	Balls	
	Draaistuk met 'n tema	

As die tema potjie kos is glo ek dat Willie de Wet moontlik klaar die program vooruitgeloop het met hierdie potjie wat hy gedraai het. Pragtig!

'n Mens kan glo dat jy hom regtig kan gebruik. Willie de Wet se potjie.

HULDEBETUIGING AAN LOUIS VAN DER MERWE

06.12.1910 – 11.9.2006

Louis van der Merwe was 'n stigterslid van die Vereniging en het ook 'n aantal jare op die Bestuur gedien. Hy was toentertyd al in sy sewentigs!
Aan entoesiasme het dit egter nie ontbreek nie, beide op die Bestuur en deelname aan die aktiwiteite van die Vereniging. Sy spesialiteit in houtwerk was restourasie van antieke meubels (nie die herstel van gebreekte meubels nie). Hy het gereeld van sy gerestoureerde items by ons jaarlikse tentoonstellings uitgestal en ook "diens" gedoen by sulke geleenthede. Sommige onthou nog hoe hy by die "aids and gadgets" aande sy bydraes gemaak het. Die jaarlikse afsluit funksies het hy en sy wederhelf, Mary, ook nooit gemis nie. Hy was inderdaad 'n aktiewe lid van die Vereniging.

Ongelukkig het die ouderdom sy tol begin eis en die afgelope aantal jare kon hy nie meer deelneem nie. Hy het daarna gaandeweg ook nie meer in sy werkwinkel aktief gewees nie.

Oom Louis was 'n baie merkwaardige en geliefde mens, en hoe meer jy hom leer ken het, hoe meer het jy dit opgemerk. Hoewel hy sy loopbaan in die bankwese gemaak het, was hy 'n baie handvaardige mens. In die dae toe "Gypsy" en "Jurgens" nog nie eens bestaan het nie het hy byvoorbeeld eiehandig, eers een en later 'n tweede woonwa gebou. Die familie foto's getuig van die heerlike vakansies wat die gesin daarmee beleef het. Terloops, die sitkamerstel wat hy self vervaardig het, (meer as 60 jaar gelede) uit hout wat hy self uit Transvaalse bome gesaag het, is vandag nog in gebruik!

Wat vir my dikwels opvallend was van Oom Louis was sy wye belangstelling en intellek. Hy het bv. geweldig baie bome op hulle botaniese name geken, buiten die feit dat hy ook baie inheemse bome kon uitken en bekend was met die houte daarvan. 'n Ander voorbeeld is 'n artikel wat in "Practical Wood Working" van Augustus 1979 gepubliseer was. Die artikel handel oor die restourasie van 'n Middeleeuse kerklike stoel ("Glastonbury" chair) uit Engeland, wat hy gevra was om te onderneem. Sy geskrif was verbatim gepubliseer. Mens moet dit werklik lees om te begryp hoeveel navorsing gedoen was om die artikel te kon skryf en die kwaliteit van (sy "ingelse") literatuur te kan waardeer.

Oom Louis, vir die wat hom nie meer onthou nie.

Hy was geweldig bemind deur sy vrou en kinders en vriende. Ek het dikwels die opmerking gemaak dat hy die ideale rolmodel vir 'n vader is. Sy heengaan op byna 90 jarige ouderdom het almal diep getref.

Willie Marneweck

Visit to Nissan Factory

As was mentioned last month, Gerhard du Rand made arrangements so that some of us may visit the Nissan factory in Rosslyn. Only 20 members can be accommodated, so it will be a case of first come first served. Should you be interested to attend, please notify Gerhard as soon as possible.

Attached is a map indicating the routes to the Bill Wilson building where you will be met by Gerhard at 08h15 on 15 November.

Neem asseblief kennis dat ons moet registreer vanaf 08h30, so ons kan nie toegewings vir laatkommers maak nie. Hou maar die volgende in gedagte:

- Die toer sal in die omgewing van 12h00 klaar wees. (Geen ete.)
- Besoekers moet toe skoene dra of têkkies - nie sandale nie.
- Dames moet geklee wees in broekpakke.
- Geen kinders onder 16.
- Geen kameras.

Onthou dat ons 08h30 moet registreer.

Jaar-eind funksie

Daar is nog heelwat tyd oor alvorens ons die einde van die houtwerk-jaar gaan vier. Ons is egter bedag daarop dat almal maar redelike vol sosiale kalender vir Nov/Des het, gevolglik waarsku ek maar betyds dat julle Saterdag, 9 Desember opsy moet sit sodat julle vir oulaas met so 'n lekker klomp mense kan verkeer. Ons gaan hierdie funksie weer by die proefplaas hou. Ons sal in volgende maand se Tambotie detail en 'n kaart verskaf.

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za